# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/20)

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 3 Julie 2020*

***"A ship is always safe at shore but that is not what it was built for" Albert Einstein***

## CGA VERGROOT SY LEIERSKAPSGROEP

In die eerste week van Junie het die CGA se Raad 'n virtuele raadsvergadering gehou. Op hierdie vergadering is besluit om die Uitvoerende Komitee tot ses te vergroot. Piet Engelbrecht (Senwes) sluit by Cornel van der Merwe (voorsitter), Ben Vorster (ondervoorsitter), Hannes de Waal (ondervoorsitter), George Hall en Gerrit van der Merwe op die Uitvoerende Komitee van die CGA aan.

## DONASIES

Tot op datum het sitrusprodusente meer as 1 400 ton aan behoeftige gemeenskappe regoor die land geskenk, met beloftes van nog meer wat gaan kom. Die foto's, video's en verhale verskyn weekliks - en die dankbaarheid van behoeftige gesinne is tasbaar. Welgedaan aan almal wat donasies gegee het - julle is spesiale mense. As jy deel van die aksie wil wees, kontak Sive (sive@citrusacademy.co.za) of Portia (portia@cga.co.za); of bel my.

## MOENIE SELFVERSEKERD RAAK NIE; MOENIE MOEG RAAK NIE

Hierdie COVID-ding is 'n marathon, nie 'n naelloop nie - en ons is aan die begin. Soos voorspel, versprei die virus vinnig in Gauteng en Oos-Kaap, met KZN volgende. Ons moet van diegene in die Wes-Kaap leer: ons moet almal aanvaar dat ELKE persoon COVID positief is en moet onsself beskerm; en die bestuur moet seker maak dat die WERKSPLEK die VEILIGSTE plek is. Alle ondernemings moes 'n COVID-risikobepaling gedoen het en 'n COVID-"compliance" beampte aangestel het - hierdie persoon is die belangrikste persoon in die onderneming. Om die COVID – "compliance" beampte te ondersteun, het die Citrus Academy Zoom-opleidingsessies aangebied - met meer as 50 mense wat tot dusver opgelei is. Hierdie opleiding is nie tot die "compliance" beamptes beperk nie. Registreer nou by www.citrusacademy.org.za, navrae aan jacomien@citrusacademy.org.za

Namate die pandemie in die Oos-Kaap en KZN versprei, sal daar hard gedruk word op alle werksplekke om hul werkers gesond en werksaamhede aan die gang te hou. Uitvoerders wat hawens in die Oos-Kaap en KZN gebruik, moet op hoogte bly van vervoer, koelkamers en hawe-bedrywighede.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Sagte Sitrus Fokusgroep het die afgelope week vergader en hul voorspelling effens verhoog. In totaal is die 2020 voorspelde uitvoervolume steeds op koers om 140 miljoen kartonne verby te steek.

Verskepingsdata tot aan die einde van week 26 toon 'n duidelike belangstelling in Europa van pomelo's (2019 44% tot 2020 47%); suurlemoene (28% tot 32%) en nawels (28% tot 38%). Sagte sitrus het afgeneem (26% tot 23%), terwyl die VK 'n groot toename in hierdie kategorie getoon het (25% tot 34%). Behalwe vir Europa, toon pomelo's 'n verspreiding soortgelyk aan 2019 (Asië 34%, Rusland 8% en die VK 6%). Sagte sitrus uitvoere na ander markte is ook soortgelyk aan 2019 (Midde-Ooste 11%, Noord-Amerika 11%, Rusland 8%), behalwe vir Asië wat van 16% (2019) tot 11% (2020) gedaal het.

Suurlemoen-uitvoere na die Midde-Ooste is meer (2019 37% teenoor 2020 40%), die VK (7% tot 9%) - terwyl Asië (12% tot 6%) en Noord-Amerika (5% tot 4%) afgeneem het. Rusland was bestendig op 9%.

Nawel-uitvoer na Rusland is ook dieselfde as 2019 (7%), terwyl uitvoere na die VK (5% tot 9%) en Noord-Amerika (11% tot 12%) toegeneem het; uitvoere na die Midde-Ooste (25% tot 19%) en Asië (20% tot 9%) het afgeneem.

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 26 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2018** | **2019** | **2020** | **2019** | **2020** | **2020** | **2020** | **2019** |
| Pomelo's | 16 m | 14.1 m | 12.7 m | 10.9 m | 10.6 m | 16.7 m | 14.6 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 9 m | 9.5 m | 12.1 m | 6.9 m | 9.5 m | 23.3 m | **22.8 m** | 18.3 m |
| Suurlemoene | 13 m | 13.9 m | 19.5 m | 10.3 m | 15.4 m | 26.4 m | 27.4 m | 22.1 m |
| Nawels | 16.5 m | 13.8 m | 15.3 m | 8.4 m | 9.6 m | 26.5 m | 26.4 m | 24.3 m |
| Valencias | 3.8 m | 4.3 m | 6.5 m | 1.9 m | 3 m | 50.4 m | 50.3 m | 46.8 m |
| **Totaal** | **58.3 m** | **55.6 m** | **66.1 m** | **38.4 m** | **48.1 m** | **143.3 m** | **141.5 m** | **127.5 m** |

**CGA GROEP MAATSKAPPYE (CRI, RIVIER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**